

**18 Oktober**

**Skrifgedeelte: Psalm 150 (OAV en NAV)**

### **Halleluja, loof die Here**

Die Psalmbundel begin met die individuele oproep dat elkeen op die weg sal bly wat Christus vir ons gebaan het (Ps 1). Dit sluit af met die universele oproep dat alle skepsels God saam sal prys (Ps150). Só toon die verband tussen Psalm 1 en 150 aan dat om die Here te dien, by die individu in sy alledaagse lewenskeuses begin en uitloop in universele lofprijsing deur die hele skepping.

Psalm 150 bou op tot 'n klimaks. Tien maal klink die oproep om God te loof. Tien maal "Halleluja"! Instrumentale klanke klink al harder. Dit begin by die diep deurdringende gedreun van die ramshoring en word stelselmatig harder en skerper op die oor totdat dit eindig met galmende simbale! Die lof van God word eerstens in die uitspannel besing. Dit sluit in die engele en hemelwesens rondom die troon van God (Op 5:11) en die hele kosmos (Ps 148:3-4). God word geloof om sy magtige daad en om sy grootheid, maar die lofprijsing kring nog verder uit. 'n Tempelkoor en -orkes kom by – dan alle volke, tale en nasies, ook alle skepsels in die natuur (Ps148:7-10). Ja, dit loop uit op die klimaks (Ps 150:3b berymd):

“al wat kruip en roer en sweef,

al wat asem het en leef!

Halleluja, loof die HERE!”

Die ou kerkvader Augustinus se lewensleuse uit die lofprijsing van Psalm 150 was: “Dit is die hoogste taak van die ganse mensdom om God te prys.” Lofprijsing is die erkenning van God se magtige daad en sy grootheid met ontsag en in verwondering. Daarvoor is ons geskape. Hoeveel daarvan kom tereg in jou Godsdiens en daaglikse lewe?

Tans besing ons die lof van God, maar in gebrokenheid. Eendag sal ons 'n nuwe lied in volmaaktheid sing (Op 14:3). Sigbaar saam met al die hemelwesens en al God se uitverkore kinders, sal ons God ewig loof en prys.

*Sing: Psalm 150:3 Ds SP van der Schyff (Potchefstroom-Moorivier)*